Graad 4-6

Taaltoets Gr. 6 HT

Deur: Haidee Cloete, Laerskool Northmead

Lees die uittreksel uit Charlie en die sjokoladefabriek deur Roald Dahl en beantwoord die vrae wat volg.

Meneer Wonka staan vingeralleen, net binne die fabriek se oop hekke. En wat 'n uitsonderlike klein mannetjie is hy nie! Hy het 'n swart pluiskeil op sy kop. Hy dra 'n swaelstertbaadjie van pragtige pruimkleurige fluweel. Sy broek is bottelgroen. En in sy een hand is daar 'n windmaker wandelstok met 'n goue knop bo-aan. Op sy ken groei daar 'n netjiese gepunte swart bokbaardjie. Hy beweeg soos 'n eekhoring, soos 'n vinnige, slim eekhorinkie in die park. Hy glimlag breed. Hy maak die swaar hek stadig oop.

1. Onderstreep die **hoofwerkwoord** in die onderstaande sin. (1)
   Meneer Wonka staan vingeralleen.
2. Onderstreep die **hulpwerkwoord** in die onderstaande sin. (1)
   Hy het 'n swart pluiskeil op sy kop.
3. Skryf die sin in die **lydende vorm**. (1)
   Hy dra 'n swaelstertbaadjie.
4. Skryf die volgende sin in die **bedrywende vorm.** (1)
   Daar word breed deur hom geglimlag.
5. Gee **twee redes** hoekom die onderstaande sin 'n **veelvoudige sin** is. (2)
   Meneer Wonka loop vinnig en glimlag breed.
6. Lees die onderstaande sin en skryf die **sinsdele** wat gevra word. (5)
   Hy beweeg soos 'n vinnige, honger eekhoring in die park.

   Onderwerp: _____

   Voorwerp: _____

   Gesegde: _____

   Byvoeglike bepaling: _____

   Bywoordelike bepaling: _____
7. Maak 'n sin met die woord "**ken**" sodat dit 'n ander betekenis as in die leesstuk het. (**Homoniem**) (1)
8. Maak 'n sin met die **homofoon** van die woord "**swaar**", sodat die betekenis duidelik is. (1)
9. Gee 'n **antoniem** vir "**bo-aan**". (1)
10. Skryf die volgende sin in die **verlede tyd**. (1)
    Hy glimlag breed en maak die swaar hek oop.



[15]

MEMORANDUM

1.	Meneer Wonka **staan** vingeralleen.	(1)
2.	Hy **het** 'n swart pluiskeil op sy kop.	(1)
3.	'n Swaelstertbaadjie word deur hom gedra.	(1)
4.	Hy glimlag breed.	(1)
5.	Twee hoofsinne wat met 'n voegwoord verbind word.	(2)
6.	Onderwerp: Hy Voorwerp: eekhoring Gesegde: beweeg Byvoeglike bepaling: vinnige, honger Bywoordelike bepaling: in die park	(5)
7.	Bv. Ek **ken** die reëls.	(1)
8.	Bv. My suster se man is my **swaer**.	(1)
9.	onder	(1)
10.	Hy het breed geglimlag en die swaar hek oopgemaak.	(1)

Totaal: 15